WEES VERSEKER VAN JOU REDDING

Indien jy vandag sou sterf, is jy seker jy gaan hemel toe? Jy kan seker wees deur Jesus as jou Verlosser aan te neem Jy kan alleenlik deur Sy Naam gered word. Wanneer jy hierdie gebed in geloof doen, sal jy gered word.

"Here Jesus, Ek bely U is die Seun van God en glo dat U opgewek is uit die dood. U het aan die kruis gesterf vir al my sondes. Ek maak alleenlik staat op U offer aan die kruis en die werk van die Heilige Gees in my hart om gered te word. Ek bekeer my van my sondige gedrag en ek draai my na U toe. Vergewe my asseblief en reinig my van al my sondes. Ek roep nou U Naam aan. Kom asseblief in my hart in en skenk my die ewige lewe. Deur U genade en in geloof neem ek U nou as my Verlosser aan. Amen."
Nou is jy gered en is jy 'n kind van God. Jou gees is nuut gemaak. Die Heilige Gees wat self God is, woon nou in jou. Hy sal jou nooit begewe of verlaat nie. Om geestelik te groei en 'n lewe te lei wat welgevallig is vir God, kry 'n Bybel, lees dit elke dag en doen wat daarin geskrywe is. Wanneer jy gesondig het, bely dit aan die Vader en Hy sal jou vergewe. Gaan na 'n kerk toe waarin hulle verkondig dat Jesus die enigste Naam is waardeur jy gered kan word en die enigste middelaar is tussen God en die mens. Getuig teenoor ander mense hoe Jesus jou gered het en wat Hy in jou lewe daarna gedoen het. Toon hierdie pamflet aan ander mense wat nie vir Jesus ken nie sodat hulle ook gered kan word.

emmanuel
CHURCHWINDHOEK

‘Connect’ met ons

Die Kerk bestaan op die aarde om drie fundamentele redes: om God te verheerlik, diegene op te bou wat aan Hom behoort, en om diegene wat dit nie doen nie, te bereik met die Evangelie van Jesus Christus.

Ons kontakbesonderhede:
100 Tunschel Straat, Pionierspark
+264 61 241 444
info@emmanuelwhk.com
www.emmanuelwhk.com

Gebruik u slimfoon om by ons verskillende aanlynplatforms aan te sluit met die skandeer funksie.

Webblad
SCAN ME

Kerk APP
SCAN ME

Facebook
SCAN ME

Youtube
SCAN ME

Instagram
SCAN ME

U is welkom om by ons aan te sluit vir kerk op Sondae op ons fisiese gebou of aanlyn by:
www.emmanuelwhk.tv
Dienstye: 08:30 | 10:15 | 18:00

Mag daar vir julle genade en vrede in oorvloed wees deur julle kennis van God en van Jesus ons Here! 2 Petrus 1:2